

## Die Seun is verhewe bo die engele (II) (OP75)

Heb 1:7-9

6 Februarie 2022

Tot dusver het ons in Heb 1 die volgende gesien: In die laaste dae het God met ons gepraat deur die Seun. Hierdie Seun is absoluut verhewe en heerlik – soos wat duidelik geword het uit die sewe stellings in verse 2 en 3. Laasweek het ons begin kyk na die motivering van die Hebreërskrywer oor hoekom die Seun meer verhewe is as die engele: In verse 4-6 het ons gesien Hy het 'n heerliker Naam as die engele – Sy Naam is Jesus Christus die Here, en ook Seun van God, terwyl die engele maar net boodskappers is. Boonop is Hy die “begotten” Seun van God, oftewel die Seun wat deur God verwek is in Maria as mens, en sodoende het God Sy Vader geword. God het self so gesê. Maar God het nooit so iets oor die engele gesê nie. Die Seun is ook die Eersgeborene, d.w.s. die Eerste in die skepping, die Eerste onder die broers wat uitverkies is, die Eerste wat uit die dood opgestaan het, en wanneer Hy weer kom sal Hy deur die engele aanbid word – wat weereens bewys Hy is ver hewe bo die engele. Andrews som verse 4-6 op deur te sê die Seun is meer verhewe as die engele – want Hy is die Seun van God.

Vandag wil ek stilstaan by die volgende argument oor hoekom die Seun verhewe is bo die engele, dit is die argument wat ons in verse 7-9 vind. Andrews som dit op deur te sê die Seun is meer verhewe as die engele – want Hy is die ewige Koning.

### Die engele is stormwinde en vuurvlamme (Heb 1:7)

Die argument begin deurdat die Hebreërskrywer aan ons vertel wat God oor die engele sê. God sê: “Hy maak Sy engele stormwinde, en Sy dienaars vuurvlamme” (NAV). Hierdie is 'n aanhaling uit Ps 104:4. In die NAV praat Ps 104:4 nie van engele nie, maar wel boodskappers, maar in die DAV word wel na engele verwys. Soos ons laasweek gesien het: engele is boodskappers van God. Ps 104 is 'n psalm waarin God besing word as die Skepper – lees maar Ps 104:1-2 en 5-6. In hierdie konteks sê vers 4 God maak Sy engele stormwinde en vuurvlamme. Die feit dat God hulle maak onderstreep dus die feit dat engele ook skepsels van God is. Onthou verder wat ons in Heb 1:2 gesien het – dat die Seun die Een is deur wie God alles geskep het – dan beteken dit dat die Seun ook die engele geskep het, en daarom is die implikasie die Seun is verhewe bo die engele. Boonop lees ons “Hy maak Sy engele stormwinde” – die engele is Sy engele, wat weereens Sy verhedendheid uitlig.

Nie net is die engele deur die Seun geskep, en is hulle Sy eiendom nie – hulle is ook Sy boodskappers en dienaars. Lees Ps 103:20-21 – dit bevestig die feit dat die engele Sy wil doen en Sy opdragte uitvoer.

Die engele is geestelike wesens wat op verskillende maniere kan manifesteer. Die engele word beskryf as “stormwinde” en “vuurvlamme”. Hoekom juis “stormwinde”? Onthou dat die woord “wind” ook “gees” kan beteken – die engele is dus geeste. Verder is daar ook bepaalde ooreenkomste tussen stormwinde en engele: Stormwinde is op sigself onsigbaar. Engele ook – hulle is immers geestelike wesens. Stormwinde is kragtig – engele ook, dink maar aan Openbaring waar ons gelees het van sterk engele. Ja, natuurlik het hulle hulle krag van die Seun ontvang, maar hulle is kragtig. En boonop kan engele vinnig wees, soos die stormwinde. Die engele is ook vuurvlamme. Vuur word tipies geassosieer met oordeel. So sien ons in Gen 19:13 dat God engele stuur om Sodom te verwoes. Of dink maar aan Mat 13:41-42 waar engele die ongelowiges tydens die finale oordeel in die brandende oond gaan gooi. Vuurvlamme is ook helder en vreesaanjaend. In Mat 28:3-4 lees ons dat die engel by Jesus se graf se voorkoms so blink was soos weerlig, en dat die wagte van skrik vir

hom gebewe het en dat hulle soos dooies geword het. Selfs Johannes het in Op 19:10 voor die engel neergeval en wou hom aanbid. Die punt is: Engele is indrukwekkende wesens. God self beskryf hulle as indrukwekkende wesens. Hulle kan onsigbaar of sigbaar wees. As hulle sigbaar is, is hulle vreesaanjaend. Hulle doen kragtige dinge, wat dikwels met oordeel gepaard gaan. Maar al is hulle soos stormwinde en vuurvlamme, is hulle net skepsels, en dus baie minder heerlik as die Seun, wat hulle Skepper is.

### Die Seun is die ewige Koning van geregtigheid (Heb 1:8-9)

Waar die skrywer in vers 7 uitgelig het hoe indrukwekkend God die engele beskryf, gaan hy in verse 8-9 voort deur ook na die Ou Testament terug te gaan, en daar 'n beskrywing te vind wat God oor die Seun gegee het. Lees Heb 1:8-9. Die aanhaling wat hy hierdie keer gebruik, kom uit Ps 45:7-8. Ps 45 is nog 'n Messiaanse psalm - die eerste gedeelte beskryf juis die heerlikheid van die Messias Koning. As jy egter wat God in vers 7 van die engele gesê het, vergelyk met wat God in verse 8-9 van die Seun sê, is die Seun duidelik in heeltemal 'n ander klas as die engele: (1) Die engele is geeste, maar die Seun is God, Hy word as God aangespreek, (2) die engele is boodskappers, maar die Seun is Koning op Sy troon wat die engele as boodskappers uitstuur en hulle doen Sy wil, (3) die engele is betrokke by die voltrekking van oordele, maar die Seun is die een met die regverdigde septer wat oordeel.

Let op die eerste gedeelte van vers 8: "Maar van die Seun se Hy (God): U troon, o God, staan vir ewig vas". Die stelling is verstommend: God noem die Seun God – God die Vader noem God die Seun God. Ons het hier van die sterkste bewyse in die Bybel van die Seun se Godheid. Laasweek het ons gesien die Seun is ook mens – want Hy is uit Maria gebore, weliswaar nadat Hy deur die Heilige Gees verwek is, en gevolglik is Hy Seun van God deurdat Hy mens geword het. Maar Hy is ook God. God die Vader het so gesê – hier in vers 8. Boonop sê God die Seun is Koning en Sy troon staan vas vir ewig. Maar in vers 3 het ons gelees dat die Seun gaan sit het aan die regterhand van die Majesteit in die hemel. Wie is dit nou wat op die troon sit? God die Vader of God die Seun? Die antwoord is: Beide. Gaan lees maar weer die troonvisioen in Op 4 en 5 – daar word beskryf dat die Vader op die troon sit, in die middel van die troon is die Seun, en reg voor die troon is die sewe Geeste van God (d.w.s. die Heilige Gees). Maar dit onderstreep verder die Godheid van die Seun – Hy sit op die troon – saam met God.

Maar vers 8 gee nog meer detail: Die troon van die Seun staan vas vir ewig. Die Seun is dus Koning vir ewig. Lees Dan 7:13-14. Die "menslike wese" in die NAV is letterlik "die Seun van die mens", dus Jesus. Die "Hom wat ewig lewe" in die NAV is letterlik "die Oue van dae", dus die Vader. En die verse beskryf baie duidelik dat die heerskappy van die Seun 'n ewige heerskappy is wat nie tot niet sal gaan nie en nie sal ophou nie. Lees Luk 1:32-33. Hier praat die engel met Maria. Hier word ook beskryf dat die Seun van die Allerhoogste die troon van Dawid sal ontvang en dat Hy tot in ewigheid oor die nageslag van Jakob sal heers – aan Sy koningskap sal daar geen einde wees nie. In Op 22:1 lees ons in die Nuwe Jerusalem, m.a.w. na die wederkoms, sal die rivier met die water van die Lam vloei vanuit die troon van God en die Lam. Duidelik is die Seun se troon gevestig vir ewig – tot in die ewigheid in!

Is dit nie in stryd met 1 Kor 15:24 nie waar ons lees dat aan die einde, d.w.s. met die wederkoms, sal die Seun die koningskap aan die Vader oordra nie? Hou die Seun se koningskap nie dan op nie? As ek dit reg verstaan, moet ons soos volg hierna kyk: Die Seun is deur die Vader gestuur om God se koninkryk te vestig. Dit het die Seun gedoen tydens Sy lewe op aarde toe Hy geregtigheid kom bewerk het. Hy het toe reeds die duiwel oorwin, en daarna het Hy opgevaar en as Koning gaan sit aan die regterhand van die Vader – van waar Hy tans heers terwyl God se koninkryk steeds groei.

Met Sy wederkoms sal die koninkryk gegroei het tot by volheid en volmaaktheid, dan word die duiwel en al God se vyande finaal in die brandende oond gegooi, en dan dra die Seun hierdie volmaakte koninkryk oor aan God die Vader. Maar dit beteken nie die einde van Sy koningskap nie. Daarna heers Hy steeds vir ewig as Koning, saam met die Vader – dit is immers die troon van God én die Lam wat Johannes in die nuwe Jerusalem sien.

Vers 8 gaan verder en sê dat die Seun met Sy koninklike septer reg laat geskied (NAV), of soos die OAV dit stel: “die septer van U koninkryk is ‘n regverdige septer”. ‘n Septer is ‘n simbool van gesag of mag. Dink maar aan Aäron se septer wat die instrument was waardeur die water in Egipte in bloed verander het, of aan Moses wat met sy septer die Rooi See oopgekloof het, of die rots geslaan het sodat daar water uitgekóm het. Hulle septers was die simbool waardeur God se mag sigbaar geword het. As ons dus lees dat die septer van die Seun se koninkryk ‘n septer is van regverdigheid of geregtigheid, beteken dit dat Hy Sy mag sal gebruik op ‘n regverdige manier, op ‘n manier wat geregtigheid sal bewerk. Die Seun sal dus nie Sy mag op arbitrêre maniere gebruik in Sy koninkryk nie. Hy sal nie vandag sus optree, en more so nie. Nee, wanneer Hy optree, sal dit reg wees, dit sal opreg wees, dit sal regverdig wees. Hy sal met suiwer motiewe optree, Hy sal konsekwent optree. Hierdie beginsel is natuurlik nie ‘n nuwe beginsel nie – dit is hoe God nog altyd gewerk het, en dit is ook hoe die Seun sal heers in Sy koninkryk. Dink maar aan Abraham wat destyds vir Sodom gepleit het. In Gen 18:25b lees ons dat hy by God gepleit het: “U sal tog nie die regverdiges soos die goddeloses behandel nie! Sal die regter van die hele aarde dan nie reg laat geskied nie?” Jer 23:5 sê: “Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek vir Dawid ‘n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land” (OAV).

Vers 9a voeg by dat God van die Seun sê dat Hy die reg liefhet en die onreg haat. Die NAV het dit vertaal in die teenwoordige tyd. Die OAV vertaal egter die oorspronklike meer akkuraat: “U het geregtigheid liefgehad en ongeregtheid gehaat”. Kommentatore is dit redelik eens dat ons hieronder moet verstaan dat die Seun hierdie beginsel gedemonstreer het tydens Sy lewe hier op aarde. Natuurlik is die bedoeling nie dat die beginsel nie meer geld nie (immers, die koningskap is ewig en geregtigheid is die septer van die ewige koninkryk), maar eerder dat ons voorbeelde het in die lewe van die Seun wat dit vir ons demonstreer. Let op dat hierdie beginsel twee kante het: Die Seun het geregtigheid liefgehad aan die een kant, en aan die ander kant het Hy ongeregtheid gehaat.

Kom ons kyk hoe die Seun dit gedemonstreer het. Eerstens: Hy het geregtigheid liefgehad. Tydens Sy lewe op aarde het die Seun gedemonstreer dat Hy oortuig is die regte ding om te doen, is om te doen wat God wil. In Joh 17:4 sê Hy dat Hy die Vader op die aarde verheerlik het deur die werk te doen wat die Vader Hom gegee het om te doen. In Joh 4:34 sê Hy: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om Sy werk te voltooi”. In Luk 2:49 sê Hy vir Sy ouers na Hy as jong seun by die tempel soek geraak het: “Het U nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?” (OAV). As Johannes die Doper teëstribbel om Jesus te doop, sê Jesus vir hom in Mat 3:15: “Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van die Vader voldoen”. As die duiwel Jesus versoek, sê Jesus vir hom in Mat 4:4: “‘n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom”. En natuurlik lees ons in Fil 2:8 dat Hy gehoorsaam was tot in die dood toe – want dit is wat die Vader van Hom verwag het. Hy het liefgehad wat ookal die wil van Sy Vader was. Dit is wat vir Hom geregtigheid was. En dit is hoe Hy as Koning regeer – deur die wil van die Vader lief te hê.

Maar Hy het ook gedemonstreer dat Hy ongeregtheid haat: Na herhaalde versoekinge deur die duiwel, sê die Seun in Mat 4:10: “Gaan weg, Satan”. Of dink aan Sy reiniging van die tempel. In Joh 2:16 lees ons dat Hy vir die mense wat die duiwe verkoop, sê: “Vat hierdie goed hier weg! Moenie

die huis van My Vader 'n besigheidsplek maak nie." Hy het gehaat wat teen die wil van die Vader was. Kan jy jou indink hoe 'n geweldige wroeging dit vir die Seun moes wees wat perfek kon onderskei wat die wil van die Vader was, wat liefgehad het wat die Vader wou, gehaat het wat teen Sy wil was – dat juis Hy saam met misdadigers gereken was en in ons plek tot sonde gemaak is?

Die Seun het nie net hierdie beginsel uitgeleef tydens Sy lewe hier op aarde nie. Nee dit is steeds die septer van Sy koninkryk. Hy regeer steeds volgens hierdie beginsel. Hy het steeds geregtigheid lief. In Joh 14:21 sê Hy: "Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is Hy wat my liefhet. En wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan Hom openbaar." Aan die ander kant haat Hy ook steeds ongeregtigheid. In Op 2:15 lees ons in die brief van die Seun aan die gemeente in Pergamum die volgende: "So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat."

Vers 9b gaan voort en sê: "Daarom het God, u God, U onder groot vreugde tot Koning gesalf bo U tydgenote" (NAV). Ongelukkig is dit nie 'n akkurate vertaling nie. 'n Beter vertaling is die OAV (of die DAV) wat sê: "daarom het, o God, U God U gesalf met vreugdeolie bo U metgeselle". Die NAV skep die indruk dat die gevolg van die feit dat die Seun geregtigheid liefgehad het en die onreg gehaat het, was dat Hy daarom gesalf is as Koning, en hierdie salwing word dikwels geassosieer met die Heilige Gees wat op Hom gekom het tydens Sy doop deur Johannes die Doper. Natuurlik is die Seun gesalf as Koning, maar dis nie wat hierdie vers sê nie. Wat hierdie vers sê is dat die gevolg van die Seun se liefde vir geregtigheid en Sy haat van ongeregtigheid, is dat Hy met vreugde gesalf is bo Sy metgeselle. Die resultaat van die feit dat die Seun liefhet wat die Vader liefhet, en dat Hy haat wat die Vader haat, is: Vreugde! Onthou jy Heb 12:2b: "Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins"? Sy doelbewuste en tog ook gewillige uitlewe van die wil van die Vader het in vreugde geëindig – al moes hy deur die lyding aan die kruis gaan. Let op, Hy deel hierdie vreugde met Sy metgeselle. Kommentatore redeneer hierdie metgeselle is waarskynlik beide die engele en die gelowiges. Ja, Hy is bo hulle – Hy is ver verhewe bo hulle. Maar Hy het vreugde juis omdat Hy die wil van Sy Vader gedoen het, waardeur Hy geregtigheid vir sondaars bewerk het – en nou deel Hy Sy vreugde met hulle.

Kan ek nog 'n laaste opmerking maak oor die misterie van die Drie-Eenheid voor ons by toepassings kom. In vers 8 het die Vader die Seun aangespreek as God. Die Vader erken die Seun as God. In vers 9 lees ons "God, U God, het U gesalf". Dit beteken die Seun erken ook die Vader as Sy God – want ons lees "U God". Dit word ook duidelik tydens die Seun se lewe hier op aarde: Dink maar aan Jesus wat aan die kruis uitroep: "My God, My God, waarom het U My verlaat?". Of dink aan Joh 20:17b waar Jesus na Sy opstanding aan Maria sê: "Ek vaar op na My Vader toe, wat ook julle Vader is, na My God, wat ook julle God is". Die Vader erken die Seun as God, en die Seun erken die Vader as Sy God. En tog salf die Vader die Seun. Dit is tog die meerdere wat die mindere salf. Die Vader salf die Seun, en tog noem die Vader die Seun God. Presies hoe dit moontlik is, is moeilik vir ons om te begryp – maar dit is hoe God Homself openbaar. En siende dat die Vader en die Seun hoog verhewe is bo die engele en ook bo ons, kan ons dit maar net onvoorwaardelik aanvaar, en opgewonde wag tot ons eendag meer insig hieroor sal hê.

### Opsomming

Kan ek probeer opsom wat ons vandag na gekyk het: God beskryf die engele as indrukwekkende geestelike wesens. Maar hulle is skepsels van God, en meer spesifiek van die Seun. Hulle is Sy boodskappers wat kragtig kan optree soos die wind, en wat selfs die oordele van die Seun kan voltrek. Maar al is hulle indrukwekkend – die Seun is baie heerliker as hulle! God sê die Seun is God!

Boonop is Hy ook Koning. En Hy is Koning vir ewig! Die aangrypende is dat die beginsel waarvolgens die Seun as Koning regeer in hierdie koninkryk is die beginsel van geregtigheid. Hy het dit gedemonstreer tydens Sy lewe op aarde: Hy het geregtigheid lief gehad en ongeregtigheid gehad. Hoe het Hy geweet wat is reg en wat is verkeerd? Hy het dit telkens gemeet aan die wil van Sy Vader. Wat ookal die wil van die Vader is, dit het Hy liefgehad en nagejaag, en wat ookal teen die wil van die Vader was, dit het Hy gehaat en teengestaan. Selfs al het dit tot gevolg gehad dat Hy moes ly, selfs sterf aan die kruis. In die proses het Hy bewys Hy erken die Vader as Sy God. Die resultaat hiervan is dat die Vader Hom salf met vreugde. En hierdie vreugde deel Hy met Sy metgeselle – Sy uitverkore broers van wie Hy die Eerste is, en ook die engele, wat Sy lof besing. Duidelik is Hy ver verhewe bo die engele!

#### Toepassings:

Kan ek 'n paar toepassings maak uit wat ons geleer het:

- God is die Drie-Enige God – Vader, Seun en Heilige Gees. Ons het vandag iets hiervan gesien as die Vader die Seun God noem, as die Vader Homself beskryf as die God van die Seun, en as die Seun die Vader Sy God noem. Daar is natuurlik ook nog die derde Persoon: Die Heilige Gees oor wie ons nie vandag veel gesê het nie. Die leerstelling oor die feit dat God Drie-Enig is, is 'n groot onderwerp waaroor sekerlik baie meer gesê kan word as wat ons vandag by stilgestaan het. Dit is ook 'n onderwerp wat ons nie behoorlik kan deurgrond nie. Daar is 'n sekere vlak waarop ons dit kan verstaan: Daar is drie Persone. Elke een het Sy eie unieke rol. Die Vader het Sy raadsplan. Hy voer Sy raadsplan uit grotendeels deur die ander twee Persone. Hy skep deur die Seun, Hy hou alles in stand deur die Seun, die Seun kom bewerk geregtigheid, die Seun heers as Koning. Die Heilige Gees op Sy beurt getuig van die Seun. En as jy dit alles bedink het, voel dit vir jou die Vader is bo die Seun en die Seun bo die Heilige Gees – maar dan kom Heb 1:8 en die Vader spreek die Seun aan as God en dit bevraagteken die beeld wat jy van die Drie-Eenheid ontwikkel het. Ek wil die volgende stelling maak: Ek is oortuig ons gaan die Drie-Eenheid nooit werklik volledig verstaan nie, in elk geval nie in hierdie bedeling nie. Maar tog moet ons ons in God se openbaring verdiep en streef om soveel moontlik te verstaan – al moet ons op baie plekke groot rooi kringe trek en sê hier is 'n oënskynlike teenstrydigheid. Dit sal jou ten minste by die besef bring hoe verhewe God is bo ons vermoëns.
- Ons het gesien die beginsel waarvolgens die Seun as Koning heers, is die beginsel van geregtigheid. Volgens hierdie beginsel is iets reg as dit in lyn is met die wil van die Vader, en iets is verkeerd as dit in stryd is met die wil van die Vader. Daar is dus dinge wat reg is, en daar is dinge wat verkeerd is. Die Seun het gewys dat Hy lief is vir die dinge wat reg is en Hy bevorder dit, aan die ander kant haat Hy die dinge wat verkeerd is, en werk dit teë. Hierdie beginsel is egter nie die beginsel wat in vandag se samelewing gepropageer word nie. Wat ons vandag hoor is dat ons verdraagsaam moet wees teenoor alle mense, elke mens is geregtig om sy eie oortuigings te hê en ons moet mekaar ruimte gun. Daar is dinge wat in die verlede verkeerd was, maar nou is hulle reg – volgens die siening van ons tyd. Wat ons goed moet verstaan: Dit is net in die oë van die wêreld dat daar so 'n verskuiwing tussen reg en verkeerd plaasgevind het. Die Seun is egter die Opper-Koning en Hy regeer vir ewig. Hy is self God, en Hy is presies belyn met God die Vader. En God verander nie van gedagte nie. Wat 2000 jaar terug verkeerd was, is steeds verkeerd, wat toe reg was, is steeds reg. Die beginsel van geregtigheid staan steeds. Die ander saak wat deesdae eensydig beklemtoon word is dat God liefde is. En natuurlik is God liefde. Maar God is nie liefde ten alle koste nie – Jesus het dit gedemonstreer. Daardie verkopers in die tempel het na Jesus se reiging van die

tempel goed verstaan dat die Seun gehaat het wat hulle besig was om te doen. God haat onreg. God haat sonde. En dieselfde behoort waar te wees van gelowiges: Dit is onmoontlik om in hierdie sondegevalle wêreld jou roeping as gelowige uit te leef sonder dat jy van tyd tot tyd jou haat vir onreg sal moet wys. Daar gaan tye wees wat jy ferm sal moet optree. Ja, redeneer jy, maar het Jesus dan nie geleer ons moet selfs ons vyande liefhê nie? Ja, Hy het. Maar dit is juis liefde as ek ferm optree om duidelik aan mense te wys dat hulle besig is met ongeregtigheid, wat God haat.

- Die Seun is gesalf met vreugdeolie omdat Hy geregtigheid lief gehad het en ongeregtigheid gehaat het. Hierdie vreugde deel Hy met Sy metgeselle, wat die gelowiges insluit. Dit is nie eenvoudig om in hierdie lewe getrou te leef volgens die beginsel van geregtigheid nie – enige gelowige wat erns maak hiermee sal daarvan getuig. Dit is 'n saak waarvoor ons gereeld moet bid, soos wat ons in die Onse Vader geleer word: “Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose”. Maar laat ons ons ook terselfdertyd verdiep in die inhoud van die vreugde waarin ons saam met die Seun mag deel as ons ook liefhet wat Hy en die Vader liefhet, en haat wat Hulle haat! Ons kan nou al iets van daardie vreugde smaak, maar laat ons ook hierin die voorbeeld van die Seun volg: Hy het ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, die skande van die kruis tegemoet gegaan. Laat ons ook ter wille van die vreugde wat vir ons in die vooruitsig is, vashou aan die beginsel waarvolgens die Seun as Koning regeer – dit is om lief te hê wat reg is, en te haat wat verkeerd is.